

Die HERE openbaar sy genade aan 'n Fariseër

Die kerk in die spieël van Jona

Dr AH Bogaards

2017

Preek 6

Lees: Jona 3; Lukas 11:29-32

Teks: Jona 3 (Reeks Jona nr. 6)

Datum: 26 November 2017

Psalms: 145:1,2,3; 9:7 ; 95:1,2,3; 145:10,11,12; 95:4,5,6

1. Inleiding

In Jona 3 gaan dit oor **prediking**. Ek glo dat dit vir ons almal **duidelik** is. Jona kry vir die tweede maal die opdrag van die HERE self: *Gaan, preek*(vgl 1:2)

Maar nou iets wat **minder duidelik** is: **Vir wíe** word hier gepreek? 'n Mens wil dadelik antwoord: Maar natuurlik vir Nineve. Dit is tog glashelder. In Jona 3:2 staan tog uitdruklik: Jona, *gaan heen na die groot stad Ninevé, en verkondig daar die boodskap* wat Ek jou sal sê. Wat meer is: die HERE het dit alreeds in Jona 1:2 vir Jona gesê: *Gaan heen na die groot stad Ninevé en preek daarteen....*

Maar as u dink: Dit gaan in Jona oor prediking teen die goddelose, heidense Nineve gaan, slaan u die bal mis. Die adres van die prediking van Jona, is nié net Nineve nie ... maar in die eerste plek en veral: **die kerk** - Israel, die kerk in daardie tyd, die kerk in die tyd van die Nuwe Testament en die kerk van alle eeue. **Ú** word dus ook in die boek Jona **aangespreek**. **Ál** die die dinge wat met

Jona gebeur het op see, die teken van die vis, die wonderlike reaksie van Nineve op Jona se prediking – dit het eerstens die kerk as teiken:

- Die HERE profeteer deur Jona – **vir die kerk**;
- Die HERE gee deur Jona 'n teken – **vir die kerk**;
- Die HERE laat Jona aan Nineve preek – **vir die kerk**.

In Nineve se reaksie op die Jona-preek en die Jona-teken word die kerk aangespreek, diep beskaam.

Vier gedagtes:

1. Jona kry vir die **tweede keer** opdrag om te gaan preek;
2. Die **inhoud** van sy preek (oordeel en genade);
3. Nineve se **reaksie** op die preek (vrugdraende geloof); en
4. Die HERE se **antwoord** op Nineve se reaksie op die preek

2.1 Jona kry vir die tweede keer opdrag om te gaan preek

Dit sou Jona verdiende loon gewees het as die HERE hom summier afgesit het as profeet. Hy het dit verdien om vir ewig onder te gaan in die woedende golwe van God toorn.

Die teendeel gebeur egter: Die woord van die HERE het '**n tweede keer** tot Jona gekom (v 1). In daardie woordjies '**n tweede keer** weerklink die Evangelie van God se onverdiende genade en byna eindelose geduld met sy ongehoorsame kneg. En met Israel. Want in Jona het ons 'n spieël van die HERE se lankmoedigheid met sy volk.

Vir 'n tweede maal word sy opdrag herhaal en uitdruklik ontvang hy die bevel om te preek, nie wat jy self wil nie, maar **die boodskap wat Ek jou sal gee**. (v 2).

Die boodskap wat Ek jou sal gee - dit is uiters belangrike woorde. 'n Profeet moet die mond van die HERE wees. Hy moet preek **nét** wat die HERE se Woord sê. Dit geld ook vir ons vandag, nie net vir dominees nie, maar eweneens vir lidmate. Ons naam Christen sê immers: Ons is gesalfdes. Ons is onder andere gesalf as profete. En helder en duidelik word in vraag en antwoord 32 van die Kategismus gesê **wát** ons moet verkondig: Ons moet **die Naam van die HERE** bely. Dit is die boodskap wat die HERE aan Jona gee – en ook aan U. Daarmee is ons al by die tweede gedagte:

2.2 Die inhoud van sy preek

Jona en ons moet **die Naam** van die HERE **bely**. In die Bybel gaan dit oor die Naam van die HERE. Ons moet ook **beleef** wat ons ten opsigte van die Naam HERE bely. Dit is 'n geval van **bely én beleef**. Al twee: die **suiwer belydenis**, die suiwer Godskennis, en die **suiwer lewe** uit daardie kennis..

En **dít** is waaroor die kerk in Jona se tyd in die boek Jona aangespreek word: Hulle het juis nie die Naam **nie geken nie**. Daarom ook nie hulle het die **Naam nie bely en ook nie beleef nie**.

En nou is dit **juis hierdie Naam wat aan Nineve verkondig word**. **Die Naam** word aan Nineve **uitgespel** hier in hoofstuk 3. Hulle leer sy Naam ken: Wie en Wat Hy is.

1. **Eerstens** moet ons ons van die preek sê: dit is **oordeelsprediking**.

In vers 4 staan in alle duidelikheid: ***Nog (nét) veertig dae, dan word Ninevé verwoes***. Letterlik staan daar: ***omkeer***. Dit is dieselfde woord, wat ook gebruik word in verband met Sodom en Gomorra in Genesis 19:25: Nog (net) veertig dae, dan word Ninevé ***omgekeer, verwoes*** soos God met Sodom en Gomorra gemaak het.

Vir daardie oordeel was daar **alle rede**, want in Jona 1:2 staan: ... ***hulle boosheid het opgestyg voor God se aangesig***. Hy het dit gesien. Dit het tot voor sy regterstoel gekom. Dit moet die kerk óók weet. Dit is die bedoeling van die boek Jona – en Israel het **juis nie selfkennis** gehad nie. In die hele boek Jona word Israel selfkennis geleer. Deur woord en in ervaring.

Dit is 'n vreeslike woord, die oordeelswoord van Jona. Maar ons sal oordeelsprediking in die regte lig moet sien. Oordeelsprediking ook vandag is nie net bedoel om ons van angs te laat sidder nie. Dit is ook bedoel as waarskuwing, om ons tot bekering te bring. Oordeelsprediking het 'n evangeliese bedoeling. Dit wil ons in die arms van ons Saligmaker jaag. Dit geld ook die kerk.

Daarom word daar nie gesê: Nineve sal binne die kortste moontlik tyd verwoes word nie. Inteendeel, daar staan: ***nóg veertig dae***. Dit wil sê: Daar is nog tyd, genadetyd, ook, ja selfs ook vir die goddelose Nineve.

Daarom skryf 2 Petrus 3:9 ook in verband met die uitstel van sy belofte dat Hy weer kom om te oordeel: ***Die Here vertraag nie die belofte ... nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom***.

Die *veertig dae* verkondig God se **lankmoedigheid**. Maar die *veertig dae* sê eweneens: Daar kom **óók 'n einde aan God se lankmoedigheid**. Dit is 40 dae, maaar ook nét 40.

Hierdie woord was en is ook bedoel vir die kerk. Die wet is 'n spieël wat ons almal, kerkmense en heidene, ontmasker as doemwaardige sondaars (Rom. 3:12). Ook vir ons word gesê: **Vandag** as julle sy roepstem hoor, verhard julle harte nie (Ps 95:7). Môre mag te laat wees; môre mag u sterfdag wees; môre mag die oordeelsdag wees.

2. Maar nou wil ek by 'n **tweede deel** van Jona se Nineve-preek kom: **die geskiedenis van die vis**.

Jona se prediking in vers 4 word **verkort** weergegee: **Nog (nét) veertig dae, dan word Ninevé verwoes**. Uit Lukas 11:30 blyk egter dat Jona nog meer gesê het. Daar sê Jesus: Jona het vir die Nineviete tot 'n teken geword het. Daaruit mag ons aflei dat Jona die Nineviete vertel het hoe hy welverdiend weggesink het onder God se straffende hand, maar ook hoe hy God se ontferming ondervind het.

Die vis-geskiedenis was vir Nineve 'n teken wat verkondig:

1. God laat die sonde nie ongestraf laat bly nie.
2. Maar dit het Nineve ook geleer: Die **HERE** is 'n God is by wie daar vergifnis en verlossing is. Dit is sy Naam. Die heil behoort aan die **HERE**.

En nou: Ons, as Nuwe Testamentiese kerk, is nog veel ryker. Ons het immers die groot Jona-teken, die vervulling van die Jona-teken: die dood en die opstanding van Jesus. Hy het weggesink onder die oordeel van God, waarin God bewys het dat Hy ons sondes nie ongestraf laat nie. Drie dae was Hy om ons ontwil in die graf. Sy oop graf sê egter: Die straf is klaar betaal. Die oop graf verkondig God se vergifnis en liefde jeens almal wat in Jesus glo, want dit is ons graf waaaruit Hy opgestaan het.

2.3 Nineve se reaksie op die preek

'n Godswonder vind plaas: die deur en deur verdorwe Ninevé bekeer hulle. Dink u dit in: die Jode en Assiriërs was aartsvyande en hier kom 'n Jood en hy preek vir hulle: Hy vertel hulle van God se oordeel, maar ook van die evangelie van die vis. Op die heel minste sou 'n mens verwag het dat

die rou heidene hom sou spot en wegjaag. Maar die teendeel gebeur: Ninevé bekeer hulle in sak en as en dit, dit - **na nét een preek**.

Dit is in een woord beskamd vir Israel, want hulle het honderde preke gehoor. Daar was nie net een profeet nie, maar baie. Maar wat was die resultaat, die vrug van die Woordverkondiging by hulle? Profetemoord! (Mt 23:37). Uiteindelik het hulle die grootste van alle profete, die Seun van God, gedood!

Die Jode ten tyde van die N.T. was soveel meer bevoorreg as Ninevé: hulle het Jesus self gehoor en gesien hoe sy prediking bevestig is met die magtigste wonders. Nogtans het hulle nie geglo nie, maar van Hom 'n teken geëis as bewys dat Hy regtig deur God gestuur is (Mt 12:38). Maar Jesus weier om hulle die teken te gee wat hulle vra. Hulle kry wel 'n ander teken; die teken van alle tekens - die dood en opstanding van Jesus, die vervulde Jona-teken! (Mt 12:39, 40). Daarin was hulle soveel ryker as Ninevé, want Ninevé moes tevrede wees met slegs die afskaduwing van daardie teken: al wat hulle gehad het, was die afbeelding van Jesus se sterwe en opstanding in die ondergang van Jona in die woedende golwe van God se toorn en sy wonderbare verlossing. Die Jode daarenteen het soveel meer gehad: Jesus self, wat die teken van Jona vervul het (Mt 12:41). Nogtans verwerp hulle die Christus. Daarom waarsku Jesus hulle: ***Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en—meer as Jona is hier!*** (Mt 12:41).

Nineve het net een preek gekry. En net een profeet. Israel het honderde preke en talle profete gekry. En u? Hoeveel dominees het u al gehad? En hoeveel preke? Het dit iets aan u gedoen?

Ja, en wat 'n prediker was Jona nie? So 'n sondige mannetjie ... so 'n dominee. 'n Draer van 'n skat, maar 'n erdekruik (2 Kor 4:7).

Die **heidene** van Ninevé het op die een preek **geglo**. Hulle eie sondigheid en die komende gerig was vir hulle 'n verskriklike werklikheid. Let wel, daar staan nie dat hulle Jona geglo het nie, maar dat hulle **in God geglo** het. Agter Jona het hulle dus God gesien en in sy prediking het hulle die stem van God gehoor. En ons? Sien ons agter die dominee God Self?

Die preek het ook vrugte gedra in die Nineviete se lewens. Die koning het amptelik 'n vasdag laat uitroep en gesê:

1. ... almal moet **rou** oor hulle sondes;

2. almal moes ernstig tot God **bid**; en
3. elkeen moet hom van sy verkeerde weg **bekeer**.

Nog net veertig dae en Nineve sal verwoes word. Dit was die preek. Maar daar is iets besonders in die woord verwoes. Die basiese betekenis van die woord *verwoes*, is *omkeer*. Soms beteken dit *onderstebo keer*, om 'n bord of 'n skottel *onderstebo te keer*. In die oordeelswoord van 2 Konings 21:13 spreek die HERE: En Ek sal ... Jerusalem weggee soos 'n mens 'n skottel uitgee: hy gee dit uit en *keer dit onderstebo* – omkeer, verwoes!

Soms egter beteken die woord verwoes: *om om te draai, in die teenoorgestelde rigte draai*, of *om te verander*. Nadat koning Agab dodelik gewond is op sy strydwa, sê hy vir sy drywer: Ruk (die strydwa) om, *draai dit om* en bring my uit die leër uit, want ek is gewond. In Jeremia 13:23 beteken dit *om te verander*: Kan 'n Kusiet sy vel *verander* of 'n luiperd sy vlekke?

En God hét Nineve *omgekeer* van sy verkeerde weg. Hy hét hulle *omgekeer* na Hom toe.

Rou, gebed en bekering. Vir elkeen wat só treur, is daar die heerlike belofte van Christus: *Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.* (Mt 5:4)

En die HERE hét Nineve vertroos. Dit sien ons in

2.4 Die HERE se antwoord op Nineve se reaksie op die preek

En God het hulle werke gesien dat hulle hul bekeer het van hulle verkeerde weg; toe het God berou gehad oor die onheil wat Hy gesê het dat Hy hulle sou aandoen, en Hy het dit nie gedoen nie.

Toe het God berou gehad – hoe moet ons dit verstaan?

1. Dit beteken **nié** dat die HERE **veranderlik** is ten opsigte van sy Woord nie, dat Hy dreig met straf en dit tog nie doen nie.
2. Inteendeel, sy berou beteken **juis** dat Hy hou Hom **onveranderlik hou by sy Woord**, by sy **Naam**.

Reeds in Eksodus 34:6,7 het die HERE sy Naam vir Israel geleer: dat Hy 'n *genadige en lankmoedige God* is ... dat Hy *die sondes vergewe*.

Wie werklik berou het en hom bekeer, ontvang vergifnis. Dit is die duidelike leer van Ou en Nuwe Testament. Dan het God berou oor die straf waarmee Hy gedreig het.

MAAR die HERE het sy volk ook in Eksodus geleer: Hy *vergewe die sonde, maar laat dit nooit ongestraf bly nie* EN DIT kan in die teken van Jona gesien word en spesifiek in die vervulling van Jona se teken. Hy het ons sondes gestraf aan sy eie Seun. *Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.* (Mt 12:40)

Ons moet die woorde God het *hulle werke gesien* en afgesien van sy toorn, nie verkeerd verstaan nie. Dit beteken doodeenvoudig: In hulle werke – hulle werke van berou, gebed en bekering – daarin het die egtheid van hulle geloof in God uitgekom. So lyk die ware geloof. Deur die geloof in God, in die Jona-teken, is hulle gered. Deur die krag van die Jona-teken het die vrugte by hulle tevoorskyn gekom.

3. Slot.

Wat is ons reaksie op die prediking van Christus se kruis en opstanding? Doen al die preke iets aan ons? Sien ons God daar agter staan? Lewer dit vrugte by ons op, die vrugte wat wys dat ons regtig leef uit die krag van Christus se kruis en opstanding? Leef ons regtig uit die krag van die vervulde Jona-teken?

- Christus maak rampsaliges welgeluksalig, onsaliges salig;
- God maak salig deur die saligmakende werk van die enigste Saligmaker.

AMEN